BYLAE 1

VEREISTES MET BETREKKING TOT KERN- EN STEENVRUGTE

DEEL 1: TIPES PLANTMATERIAAL [artikel 1]

1.1 Die volgende tipes plantmateriaal van kern- en steenvrugte kan gesertifiseer word:

1.1.1 Entlote
1.1.2 Okuleerlote
1.1.3 Ongewortelde hardehoutsteggies
1.1.4 Gewortelde onderstamsteggies
1.1.5 Saailinge
1.1.6 Appelaflêers
1.1.7 Grondveskwekeryplante
1.1.8 Kwekeryplante
1.1.9 Saad

DEEL 2: EENHEIDSVEREISTES [artikel 10]

2.1 Kerneenhede

’n Eenheid waarop kernplante verbou word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

2.1.1 Die eenheid moet met ’n insekdigte kweekhuis bedek wees.

2.1.2 Die plante op die eenheid moet in houers gevestig wees.

2.1.3 Die vloeroppervlakte van die kweekhuis moet op so ’n wyse bedek wees dat die wortels van plante wat in houers daarop gehou word, nie na die grond waarop die kweekhuis opgerig is, kan deurdring nie.

2.1.4 So ’n kweekhuis moet deur ’n isolasiegebied van minstens 2 meter wyd omring wees.

2.1.5 Geen plante van enige soort mag in so ’n isolasiegebied voorkom nie.

2.2 Grondveseenhede

’n Eenheid waarop grondvesplante verbou word moet aan die volgende vereistes voldoen:

2.2.1 Die eenheid moet deur ’n isolasiegebied omring wees.

2.2.2 So ’n isolasiegebied moet –

2.2.2.1 in die geval van ’n eenheid wat in ’n kweekhuis gevestig is, minstens 2 meter wyd wees; en

2.2.2.2 andersins minstens 3 meter wyd wees.
[Subparagraaf 2.2.2.2 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021]

2.2.3 Geen plante van enige soort mag binne sodanige isolasiegebied voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.

2.3 Grondveskwekery-eenhede

’n Eenheid waarop grondveskwekeryplante verbou word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

2.3.1 Die eenheid moet deur ’n isolasiegebied omring wees.

2.3.2 So ’n isolasiegebied moet –

2.3.2.1 in die geval van ’n eenheid wat in ’n kweekhuis gevestig is, minstens 2 meter wyd wees; en

2.3.2.2 andersins minstens 3 meter wyd wees.

2.3.3 Geen plante van enige soort mag binne die isolasiegebied voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.

2.4 **Moedereenhede**

2.4.1 ’n Eenheid waarop moederplante verbou word moet deur ’n isolasiegebied van minstens 3 meter wyd omring wees.

2.4.2 Geen plante van enige soort mag binne die isolasiegebied voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.

2.5 **Kwekery-eenhede**

2.5.1 ’n Eenheid waarop kwekeryplante verbou word, moet deur ’n isolasiegebied van minstens 3 meter wyd omring wees.

2.5.2 Geen plante van enige soort mag binne die isolasiegebied voorkom nie tensy die gesag skriftelik toestemming daartoe verleen het.

DEEL 3: FITOSANITêRE VEREISTES [artikel 11.3, 12.1.2]

3.1 Vestigingsvereistes

Die plantmateriaal wat op ’n eenheid gevestig is en die plante daarvan verkry, moet te alle tye gedurende die termyn van registrasie van so ’n eenheid aan die volgende vereistes voldoen:

3.1.1 Onderstamme en Bostamme

3.1.1.1 Plantmateriaal en plante moet vry toets vir die volgende virussiektes:

Pruimedantverdwergvirus (PDV)
Prunus nekrotiesekringvlekvirus (PNRSV)
Appelgleufstamvirus (ASGV)
Appelmosaïekvirus (ApMV)
Appelstamverpokking (ASPV)
Blomappellynpatroonvirus (ACLSV)
Platycarpa skurfbas (SB)

3.1.1.2 Plantmateriaal en plante moet visueel vry wees van die volgende patogene:

Pseudomonas syringae pv. s*yringae* (Bakteriese kanker)
Pseudomonas syringae pv. m*orsprunorum* (Bakteriese kanker)
Xanthomonas campestris pv. *pruni* (Bakteriese vlek)
Agrobacterium tumefaciens (Kroongal)
Agrobacterium rhizogenes (Kroongal)
Chondrostereum purpureum (Loodglans)
Diaporthe spp., *Diplodia seriata, Cytospora* spp., *Eutypa lata,* (Kankers)
Schizophyllum commune, Trametes versicolor (Houtverrotting)
Armillaria, Cylindrocarpon, Dactylonectria (Wortel- en kraag-verrottings organismes)
Phytophthora
Pythium
Rhizoctonia
Rossellinia
Verticillium
Appelplattak
Appelrimpelblaar
Appelslapsloot
Peerswartspikkel
Peernerfvergeling

3.1.1.3 Plantmateriaal en plante moet visueel vry wees van die volgende insekte:

Diaspidiotus africanus (Grysdopluis)
Aonidiella aurantii (Rooidopluis)
Chrysomphalus dictyospermi (Spaanse rooidopluis)
Pseudaulacaspis pentagona (Witperskedopluis)
Quadraspidiotus perniciosus (Verderflike dopluis)
Pseudococcus spp. (Witluis)
Panonychus ulmi (Europese rooimyt)
Meloidogyne spp. (Knopwortelaalwurm)
Eriosoma lanigerum (Appelbloedluis)

3.1.1.4 Die vrugte verkry van plante van bostamvariëteite moet visueel vry wees van die volgende simptome:

Appelbobbelskil
Appelgroenverkuiling
Appelkleinvrugtigheid
Appelkringvlek
Appelskilverruwing
Peerswartspikkel
Peerduikvlek

3.2 **Sertifiseringsvereistes**

Die plantmateriaal verkry van plante wat op ’n eenheid verbou word, moet ten tyde van die aanbieding daarvan vir sertifisering aan die volgende vereistes voldoen:

3.2.1 **Onderstamme en Bostamme**

Plantmateriaal moet –

3.2.1.1 vry toets vir die virussiektes vermeld in paragraaf 3.1.1.1 van hierdie Deel;

3.2.1.2 visueel vry wees van die patogene vermeld in paragraaf 3.1.1.2 van hierdie Deel; en

3.2.1.3 visueel vry wees van die insekte vermeld in paragraaf 3.1.1.3 van hierdie Deel.

[Artikel 3 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021]

DEEL 4: FISIESE VEREISTES [artikel 12.1.3]

4.1 Algemeen

Plantmateriaal mag nie enige tekens van uitdroging of fisiologiese, chemiese, hael-, koue-, insek- of patogeenbeskadiging of ernstige meganiese beskadiging vertoon nie.

4.2 Ent- en okuleerlote

4.2.1 Ent- en okuleerlote moet goed ryp wees.

4.2.2 Die sylote en spore van sodanige lote moet onmiddellik na versameling verwyder wees.

4.2.3 Die deursnee van sodanige lote gemeet by die middel daarvan moet tussen 2 mm en 8 mm in die geval van okuleerlote wees, en tussen 4 mm en 12 mm in die geval van entlote.

4.2.4 Entlote moet minstens 100 mm lank wees.

4.3 Ongewortelde hardehoutsteggies

4.3.1 Ongewortelde hardehoutsteggies moet van die groei van die vorige groeiseisoen afkomstig wees.

4.3.2 Sodanige steggies moet minstens 300 mm lank wees.

4.3.3 Sodanige steggies moet oor die volle lengte daarvan ryp wees.

4.3.4 Die deursnee van sodanige steggies, gemeet by die basis daarvan, moet –

4.3.4.1 in die geval van kwepers en pruime, minstens 3 mm maar hoogstens 15 mm wees;

4.3.4.2 in die geval van perskes, minstens 5 mm maar hoogstens 12 mm wees; en

4.3.4.3 andersins minstens 5 mm maar hoogstens 15 mm wees.

4.3.5 Sodanige steggies moet reguit genoeg wees om lengtegewys tussen twee parallelle reguit lyne, 30 mm van mekaar, te pas.
[Subparagraaf 4.3.5 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021]

4.4 Gewortelde onderstamsteggies

4.4.1 Gewortelde onderstamsteggies mag nie meer as twee jaar oud wees nie.

4.4.2 Die lengte van sodanige steggies bokant die boonste wortel moet minstens 300 mm wees.

4.4.3 Die deursnee van sodanige steggies onmiddellik bokant die boonste wortel moet minstens 8 mm wees.

4.4.4 Sodanige steggies moet minstens twee wortels met ’n minimum lengte van 50 mm elk hê.

4.4.5 Die steggies moet reguit genoeg wees om lengtegewys tussen twee parallelle reguit lyne, 30 mm van mekaar, te pas tensy die steggies afkomstig is van die grondveseenhede.
[*Subparagraaf 4.4.5 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021*]

4.5 **Saailinge en appelaflêers**

4.5.1 Saailinge en appelaflêers mag nie meer as een jaar oud wees nie.

4.5.2 Die wortelstelsel van die saailinge en aflêers moet twee wortels met ’n minimum lengte van 50 mm elk hê.

4.5.3 Die deursnee van sodanige saailinge en aflêers 200 mm bokant die boonste wortel mag nie 15 mm oorskry nie: Met dien verstande dat saailinge en aflêers met ’n deursnee van minder as 5 mm, tussen 5 mm en 8 mm en meer as 8 mm in aparte bondels gehou moet word.

4.5.4 Saailinge en appelaflêers moet reguit genoeg wees om lengtegewys tussen twee parallelle reguit lyne, 30 mm van mekaar, te pas tensy die saailinge en appelaflêers afkomstig is van grondveseenhede.
[*Subparagraaf 4.5.4 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021*]

4.6 **Grondveskwekeryplante en kwekeryplante**

4.6.1 Die ent- of okuleerlas moet reg rondom vasgegroei wees.

4.6.2 Die stamme van grondveskwekeryplante en kwekeryplante moet reguit genoeg wees om lengtegewys tussen twee parallelle lyne, 150 mm van mekaar, te pas.
[*Subparagraaf 4.6.2 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021*]

4.6.3 In die geval van –

(a) eenjaaroue plante, moet die deursnee van die stam, 50 mm bokant die ent- of okuleerlas, minstens 7 mm wees;

(b) tweejaaroue plante, moet die deursnee van die stam, 50 mm bokant die ent- of okuleerlas, minstens 8 mm wees; en

(c) tweejaaroue plante wat in die voorafgaande jaar teruggesny is, moet die deursnee van die stam, 50 mm bokant die terugsnywond, minstens 8 mm wees.

4.6.4 Geen sylote mag onder die ent- of okuleerlas van die plant voorkom nie.

4.6.5 Die dooie gedeelte van die onderstamtappie moet glad afgesny wees bokant die ent- of okuleerlas en die snoeiwond moet met ’n wondbedekkingsmateriaal verseël word.

4.6.6 Plante mag nie dooie of afgeskeurde wortels hê nie.

4.6.7 Plante moet minstens twee goed ontwikkelde wortels met ’n lengte van 150 mm elk hê en haarwortels moet aanwesig wees.

4.6.8 Die wortels van plante in houers moet nie houergebonde wees nie.

4.6.9 Plante mag nie vir langer as een jaar in ’n houer gevestig wees nie.

4.7 **Saad**

4.7.1 Saad wat gebruik word vir die verbouing van onderstamme, moet verkry word van plante wat op ’n eenheid gevestig is.

4.7.2 Die ontkiemingspotensiaal van sodanige saad moet deur die voorsiener aangedui word.

DEEL 5: BONDELVEREISTES [artikel 16.1]

5.1 Elke bondel plantmateriaal wat vir sertifisering aangebied word, moet stewig vasgemaak wees.

5.2 Onbedekte metaaldraad mag nie vir die vasmaak van bondels gebruik word nie.

5.3 Elke sodanige bondel moet –

5.3.1 in die geval van gewortelde onderstamsteggies, uit 50 steggies bestaan; en

5.3.2 in die geval van grondveskwekeryplante en kwekeryplante, uit 20 plante bestaan.
[*Subparagraaf 5.3.2 vervang deur R. 226 van 19 Maart 2021*]

5.4 Ondanks die bepalings van paragraaf 5.3 kan kleiner of groter hoeveelhede, afhangende van die grootte van steggies of plante, in bondels gebind word, mits die werklike hoeveelheid op die toepaslike etiket in artikel 17 van hierdie Skema bedoel, aangedui word.

5.5 Saad wat vir sertifisering aangebied word, moet in ongebruikte houers verpak word.

DEEL 6: MERKVEREISTES [artikel 17.1]

Grondveskwekeryplante en kwekeryplante moet soos volg gemerk word voordat dit uit die grond waarin dit gekweek is, uitgehaal word:

6.1 Bostamme moet 5 cm bokant die entlas en onderstamme 5 cm onderkant die entlas met ’n olieverf gemerk word.

6.2 Sodanige merke moet van die toepaslike kleur of kleurkombinasie deur die gesag bepaal, wees, en deur middel van ’n geskikte verfkwas aangebring word.

6.3 Indien meer as een kleur aldus ten opsigte van ’n bepaalde variëteit aangedui word, moet –

6.3.1 die verskillende kleure verf in die aangeduide volgorde gemerk word met die eersgenoemde kleur naaste aan die entlas;

6.3.2 die verskillende kleure verf in dieselfde gesigsveld aangebring word; en

6.3.3 ’n sigbare oop ruimte tussen die verskillende kleure gelaat word.